

KOMMUNIKAMMA 11 JUNIE 2023



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Nekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:

Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.

Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.

Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 11 Junie

Biddag vir Jeug en Kategese

08:30 EIETDSE DIENS

09:45 KATEGESE

10:00 KLASSIEKE DIENS

Skriflesing: Hosea 5:15-6:6

Tema: Ons wiplank verhouding met die Here.

Skakel gerus om 09:00 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Jeugbediening.

Maandag 12 Junie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

Woensdag 14 Junie

WinterHOOP veldtog

Kraggakamma Gemeente speel 'n belangrike rol as aflaaipunt vir MES se WinterHOOP veldtog vanaf 23 Mei tot 30 Junie. Hierdie veldtog sal deel wees van die gemeente se uitreikaksies na PE Noord en Algoa Gemeenskapskerk en Kleinskool. Ons beoog om 'n groot poging aan te wend om warmklere, komberse en nie-bederfbare kositems in te samel. As deel van hierdie inisiatief kan hierdie items elke Maandag en Woensdag tussen 8:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Finansiële bydraes is ook welkom en moet asb duidelik gemerk word as Winterhoop. Deur saam te werk, kan ons 'n verskil maak. Ons moedig almal aan om betrokke te raak en 'n bydrae te maak om diegene in nood te ondersteun. Dankie vir elkeen se bydrae.

Vrydag 16 Junie

JEUGDAG

KERMIS

07:30 Pannekoek, koffie en tee

08:00 Res van Kermis skop af

08:00 Pretdraf of -stap

11:00 Gelukkige Prystrekking

Kermis gaan oor saamwerk en -speel en groot saamkuier. En natuurlik gaan kermis ook oor fondinsameling. Ons begroot om R 200 000.00 in te samel. Ons gaan die bedrag net bereik as almal hul dankbaarheidsbydrae vir die Here maak.

Kermislyste en Lootjie boekies is uitgedeel en by die Kerkkantoor beskikbaar. Die lyste is ook op die gemeente se webblad beskikbaar.

Kontak asb die betrokke stalletjie sameroeper of die kerkkantoor om betrokke te raak. Kontak die betrokke sameroeper waar jy wil betrokke raak of 'n bydrae wil lewer. Jy kan ook die afskeurstrokie op die kermislys by die kerkkantoor ingee. Finansiële bydraes is welkom en kan per EFT of kontant inbetaal word. Dui asb net duidelik aan dat dit vir die kermis is.

Lootjieprojek: Ons het hierdie jaar weer 'n lootjieprojek met groot pryse om te wen. Daar is 11 kaartjies in elke boekie en elke kaartjie kos R20-00. Wanneer jy 10 kaartjies verkoop het, mag jy die 11de kaartjie in die boekie gratis vir jouself invul. Help asb dat ons soveel as moontlik boekies verkoop. Die ideaal is dat elke huishouding ten minste een boekie verkoop.

WIT-OLIFANTE

Indien daar enige bruikbare wit-olifante in jou huis skuil, kan jy hulle begin afstof en aandra na die kerkkantoor. Dit is vir ons kermis. Indien jy hulp nodig het met vervoer, kontak vir Zalita le Roux (082 878 8720)

SKENKINGS WAT BY KERMIS OPGEVEIL KAN WORD

Help asb met skenkings wat opgeveil kan word. Kontak met Christo van der Merwe by sel: 072 132 2851.

POEDINGTAFEL

Die poedingtafel benodig skenkings van vla. Kontak asb vir Linda (083 467 5410) indien jy wil help.

Sondag 18Junie

09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS

Die volgende 5 eredienste is gesamentlike dienste om 09:00.

GEBEDSAKE:

Vandag is biddag vir Jeug en Kategese.

Kermis eerskomende Vrydag, 16 Junie. Dat almal van ons as gemeente met entoesiasme sal betrokke raak. Avontuurweek van 3-7 Julie. Bid asb vir die reëlings, inskrywings en die helpers.

Almal wat worstel met hulle gesondheid. Baie mense wat aan die herstel is nadat hul in hospitaal of siek was. Elize van den Berg wat 20 Junie 'n groot operasie ondergaan. Bid asb vir kalmte voor die operasie, dat die prosedure goed sal afloop en ook vir die herstel daarna.

Willie van der Merwe wat herstel na 'n operasie. Bid ook vir Val wat hom bystaan tydens die herstel proses. Christo Grobler wat herstel na 'n operasie.

Die Van Zyl familie met die afsterwe van Manie Van Zyl, die Weideman familie met die afsterwe van Etienne Wiedeman en die Strydom familie met die afsterwe van Amandus Strydom

Projek WinterHOOP by PE Noord, Algoa Gemeenskapskerk, Kleinskool en Piet Retief laerskool.

Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne.

Dank vir MTR Smit Kinderoord se subsidies wat inbetaal is.

Bid vir al die leerders en studente wat besig is met eksamen.

Nelson Mandela Baai se Metro-raad se nuwe leiers en Gary van Niekerk as nuwe Burgermeester.

THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK

Bid saam met Christene in **Algerië** dat hulle saam met ander Christengelowiges aanbiddings- en dissipelskap geleenthede kan bywoon.

AVONTUURWEEK 2023

Inskrywings vorder mooi vir ons eie Avontuurweek wat vanaf 3 tot 7 Julie aangebied word. Hierdie week belooft om vol pret, plesier en speletjies te wees en ons nooi spesifiek ons laerskoolmaats uit om in te skryf.

(https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeQMYKMJJnOHdw1YJDI6RRAYQGxgpR0kOJANvikceoOqwVv3w/vi ewform?usp=pp_url). Vir ons gr. 7 tot 12 leerders is daar die geleentheid om as leiers op te tree en 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot hierdie opwindende projek.

(https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfRQBK7HzOBeOo_v2jpDZGuYGbi5EHy54RtMT6paqAYPhHdA/vi ewform?usp=pp_url). Verder wil ons ook graag ons volwassene gemeenskap betrek, en julle kan as "crew members" registreer.

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfaWPmcfvrHgmdoFYfFi90koGt2wplcgT7lRxab6_vHPYzCw/viewfor m?usp=pp_url). Ons sien uit na die deelname van almal!

NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

Van der Aven

Van der Aven tree op Dinsdag 8 Augustus om 18:00 by die gemeente op. Hou solank die datum oop! Meer besonderhede volg later.

Willem Botha

Willem Botha kom ons op 1 September sy "Make-Up Masterclass" by die gemeente aanbied. Hou solank die datum oop. Meer besonderhede volg later.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

11 Junie	Antoinette Esterhuysen, Jaco Grobler, Philip Hanekom, Theresa Lombard en Anli Roets
12 Junie	Karla du Toit, Carlen Rudolph en Xenie Visagie
13 Junie	Suzie Bruwer, Martie Smith, Frederik van Niekerk en Koot Verster
14 Junie	
15 Junie	Lorencia de Beer
16 Junie	Jaco Botes, Nico Nell en Wepener Louw
17 Junie	Thea de Swardt, Pieter Gerber, Carlien Jooste en JC van der Westhuizen

Ons wens tannie Martie Smith wat op Dinsdag 13 Junie 95 jaar oud word baie geluk!

THERE4 BEDIENINGE

Kaartjiemaak Werkswinkel, Saterdag 24 Junie om 10:00 – 12:00

Die dames word genooi na 'n oggend vol pret, waar ons saam kaartjies van bemoediging gaan maak, in die konsistorie, vir boeties en sussies in Egipte. Kontak Nadia (082 336 0253) vir meer inligting.

Terugvoer geleentheid, Sondag 2 Julie om 17:00 – 18:30

Almal word genooi om saam te kom luister na bemoedigende stories van Jordanië tot Azerbeidzjan. Die geleentheid vind in die kerkgebou plaas.

Reis na Egipte

Die dames word uitgenooi om 27 September tot 10 Oktober 2023 saam met die There4 Bedieninge te reis na Egipte. Kontak vir Nadia (support@there4ministries.org / 082 336 0253) vir meer inligting.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

